
*Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.*

# Die O.B.



*Die Party se strewe is om die regering oor te neem.*

*Die Ossewabrandwag se strewe is om die vryheid te bring.*

EERSTE JAARGANG. WOENSDAG, 23 SEPTEMBER 1942. No. 46.

## Vreemdeling se Indrukke van 'n Ossewa-Brandwag-Vergadering

### Veral Getref deur Dissipline van Gehoor

**Ons neem die volgende oor uit 'n belangwekkende artikel in *Trek*, 'n tweeweeklikse tydskrif wat in Engels en Afrikaans uitgegee word, waarin die indrukke van 'n buitestander gegee word wat hy by geleentheid van die Ossewabrandwag-vergadering op 27 Augustus jl. te Stellenbosch opgedoen het. Dit is geskryf deur H. L. Ryan en het in Engels verskyn.**

Hy begin sy artikel met die woorde: „Laat my 'n beskrywing gee van wat ek op 27 Augustus in die Stellenbosse Stadsaal gesien het toe 'n skare van ongeveer tweeduisend deur dr. Van Rensburg, O.B.-kommandant-generaal, en mnr. J. A. Smith, Assistent-kommandant-generaal, toegespreek is."

Toe ek die saal binnegaan, het ek by vier studente in wit broeke en hemde met driehoekige blou nekdoeke om hul hals verbygegaan. Hulle het op aandag gestaan — borste uitgestoot en kenne ingetrek — maar hulle het elkeen noukeurig betrag wat binnekom. Ek was twintig minute voor die tyd, maar die saal was al gevul en ek het een van die weinige oop plekke aan die end van 'n ry agter in die saal gekry. Die voorkoms van die saal en verhoog was, om die minste te sê, treffend. Al langs die mure en galery het lang spitsvormige blou vaandels gehang met die O.B.-wapen. Hulle is afgewissel met Vierkleure, wat alles baie goed gemaak was. Die verhoog was voorsien van 'n swart gordyn op die agtergrond waarteen 'n wit vlagpaal op 'n verhoogde voetstuk skerp afgesteek het. Die enigste mense op die verhoog was die lede van 'n blaasorkes gekleed in blou en wit uniforms. Vroue van alle ouderdomme in wit gekleed met wit opgeslaande hoede het in groepe saamgesit.

Ek was nouliks gevestig en nog besig om die gehoor te betrag, toe 'n man na die luidspreker stap en sê: „As iemand die saal wil verlaat, moet hy dit nou doen. As die Kommandant-generaal eers binne is, sal die deure gesluit en bewaak word." Ek het ietwat senuweeagtig rondgekyk en waarlik by elk van die agt deure het manne in blou en wit gestaan — op wag.

#### BINNEKOMS

Plotseling het almal opgestaan en al die ligte is uitgedoof. 'n Tamboer het begin trommel en tot 'n hoogtepunt gestyg met die geklink van simbale. 'n Ligstraal het van 'n hoë venster agter in die saal neergeskiet op 'n prosessie wat in die gang afgestap gekom het. Toe die ligte weer aangeslaan word, was al die stoele op die verhoog gevul. Vier stoele by die tafel was beset deur die Kommandant-generaal, die Assistent-kommandant-generaal, die plaaslike leier en die voorsitter. Aan die kant van die verhoog het drie middeljarige vroue in wit rokke en hoede gesit, 'n man in Voortrekkerdrag en 'n predikant. Laasgenoemde het 'n gebed gedoen en skaars het ons gesit, of 'n tamboer begin weer te trommel en almal het op die been gekom. Weereens het die ligte doodgegaan en die ligstraal neergeskyn, hierdie keer op 'n groep studente opgestel in tweeë, gelei deur twee wat Vierkleure dra aan lang stokke.

„Kamerade, voorwaarts marsjeer!" Vinnig en netjies het die kamerade in die donker na vore gemarsjeer tot op die verhoog en die ligte is weer aangeslaan. Hulle het agter die tafel voor die vlagpaal gestaan en die bevel „regsomkeer" uitgevoer. Op 'n verdere bevel wat ek nie kon hoor nie, het die orkes twee maatstrepe van Die Stem gespeel en die vlag is gehys onder getrommel van die tamboere. Daarna het die groep afgemarsjeer en die twee kamerade met die vlae agtergelaat. Die persone op die verhoog het hulle na die vlae gewend en hulle en die gehoor het dit 'n saluut gebring met die linker- (hy bedoel regter) voorarm horisontaal teen die bors. **Daar was geen merkbare selfbewustheid hieromtrent nie en geen geweifel. Ná die saluut het almal vinnig en stil gaan sit.**

Toe het die toesprake begin. Ná die plaaslike leier het mnr. J. A. Smith gepraat. Hy is 'n uiters duidelike spreker en het die gekonsentreerde aandag van die gehoor op hom gevestig. Ek het hom nie voorheen gesien nie. Hy is 'n mooi geboude man en dramatiseer sy woorde op dieselfde manier as Hitler . . . **Die gehoor het op waardige wyse hande geklap wanneer hy tussen-in ophou. Daar was geen geskreeu en gejuig nie. Inderdaad was die dissipline van die gehoor een van die treffendste verskynsels van die aand.** Toe die Kommandant-generaal later gepraat het, het Smith die toejuiging gelei en Van Rensburg het dit met 'n wuif van die hand tot bedaring gebring wanneer hy dit nodig ag.

Ná Smith se toespraak het die gehoor opgestaan en die O.B.-lied gesing. Daarna het die orkes marsmusiek gespeel. Die spanning in die saal het merkbaar gestyg, hoewel die atmosfeer van die begin af gespanne was. **Daar was nou geen teken van gewoel of geskuifel, geen gepraat of gefluister nie. Ek het 'n sigaret opgesteek maar ek het nie tyd vir meer as een skyf gehad nie toe twee van die wagte vinnig na my toe aankom. „Verskoon my, maar ons rook nie in teenwoordigheid van die Kommandant-generaal nie," en ek het met teësin my sigaret in 'n klein dosie met sand gedoof wat hulle voor my gehou het. Hierdie wagte was gemanierd dog beslis en ek was die enigste oortreder wat hulle mee moes handel.**

#### KOMMANDANT-GENERAAL

Toe het die voorsitter aangekondig dat die Kommandant-generaal gaan praat. Op hierdie tydstip het die orkes 'n deel van die O.B.-lied begin speel en die hele gehoor het stil en vinnig opgestaan, die saluut gegee en daarna die uitgestrekte regterarm op Europese wyse (hierdie saluut word blykbaar vir die leier voorbehou) wat deur Van Rensburg met die horisontale saluut beantwoord is. Almal het gaan sit toe die Kommandant-generaal na die luidspreker kom. Dit was ook die eerste maal dat ek hom gesien het. **Hy is lank, mooi gebou en beweeg maklik en met selfvertroue. Hy praat vlot en kalm met enkele dog betekenisvolle gebare. Hy behandel sy gehoor soos vriende en volgelinge en sy onderwerp het hy voorgedra in 'n vorm wat bedoel was om 'n logiese saak te bepleit terwille van die studente en terselfdertyd te voldoen aan die smaak van sy plattelandse toehoorders. Daar was geen in die ooglopende volksmennery nie, maar 'n eenwording tussen die spreker en sy gehoor as 'n groep wat deur die pers, die Regering, die geldmag en selfs die opposisie vervolg word. „Hulle kan ons in die tronk smyt, of in kampe gooi, maar ons sal die stryd voortsit."**

Ek het rondgekyk om te sien wat die gehoor se reaksie is. Dit was een van spanning, 'n gloeiende geesdrif, 'n fanatisme wat my siek laat voel het. In die ry waarin ek gesit het was die oë op die spreker in 'n soort van geluksalige dankbaarheid gevestig vir die beter wê-

(Vervolg op bls. 2)

GESONDHEID IS MEER WERD AS RYKDOM

***Beskerm u Gesondheid en Lewenskrag***

**GEBRUIK**

**LIFEBUOY-GESONDHEID-SEEP**

DIT IS MEER AS 'N GOEIE SEEP— DIT IS 'N GOEIE GEWOONTE

*'n Produk van* **LEVER BROERS.**

# Kommandant-Generaal Spreek in Vrystaat Geesdriftige Gehore Toe

## Soldate met Rooi Lus nie ons Vyande nie

**Die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, het 'n buitengewoon geesdriftige vergadering te Edenburg, O.V.S., op 4 September gehou toe hy 'n gehoor van meer as 500 toegespreek het. Iemand wat ons 'n berig gestuur het, verklaar dat hy die afgelope sewe jaar alle vergaderings daar bygewoon het, maar dat hy nog nooit so 'n geesdriftige gehoor gesien het nie.**

**Persone wat voor die vergadering nog gepraat het dat hulle die vergadering wil opbreek, het uiteindelik ook saamgejuig. 'n Vraesteller, mnr. Van der Merwe, het later verklaar dat hy nog sy hele lewe lank 'n Nasionalis was, maar dat hy van nou af niks anders as 'n Brandwag wil wees nie.**

Dr. Van Rensburg is die middag twee myl buite die dorp ingewag deur 'n stoet van 28 motors waar ook 'n erewag van dames deur die kommando opgestel was. Komdt. J. J. van Staden het die K.G. verwelkom.

In die aand is 'n koue ete in die stadsaal gegee, waarna die openbare vergadering gehou is. Ds. A. S. E. Yssel van die Geref. Kerk het die vergadering met gebed geopen. By sy binnekoms is die K.G. deur die Jeugfront toegesing.

Die waarn. A.K.G., genl. Japie van der Merwe, het ook 'n paar woorde gespreek en beklemtoon dat die Ossewabrandwag o.a. daarna strewe om vir die welsyn van sy medemens te sorg.

In sy toespraak het dr. Van Rensburg die strewe van die Ossewabrandwag verduidelik en verklaar dat hy nie net na 'n republiek strewe met 'n ander naam vir die staatshoof en 'n ander vlag met dieselfde armblankedom en kapitalistiese stelsel van vandag nie, maar na 'n Christelik-nasionale gesagstaat wat nasionaal en sosiaal van aard is. Ons nasionale stryd totsover was hoofsaaklik 'n kulturele stryd wat grootliks gewonne is. Maar nie net vir die gees nie, maar ook vir die liggaam van elke Afrikaner moet gesorg word. Daarom is dit ook 'n sosiale stryd.

Volgens berig in Die Volksblad het dr. Van Rensburg ook 'n „goed bygewoonde" vergadering op Wepener toegespreek. **In die loop van sy toespraak het hy na die soldate met die rooi lusse verwys en gesê dat daar partye is wat hierdie mense verag, maar die Ossewabrandwag doen dit nie. Inteendeel sal hulle baie welkom wees, want ons weet dat baie van hulle daartoe gedwing of geïntimideer is.**

Met 'n funksie op Smithfield het die O.B. Saterdag, 5 deser, oor die £130 ingesamel. Die Kommandant-generaal is die middag omtrent 'n myl van die dorp af op die Wepener-pad deur meer as sewentig motors ontmoet en die aand, om 8-uur, het hy 'n aantal offisiere ingelyf waarna hy 'n vergadering onder voorsitterskap van hoofkomdt. J. J. du Plessis in die gepakte stadsaal toegespreek het.

## Die Eerste Skouburg en Filmteater op Ko-operatiewe Grondslag in Ons Land

Die Stigtingsvergadering onder voorsitterskap van mnr. J. de V. Truter is gehou in die Komiteekamer, Groote Kerk-gebou op Donderdag, 3 September 1942 waar besluit is om 'n Ko-operatiewe Maatskappy te stig met die doel om die bestaande onderneming, bekend as Afrikaanse Skouburg wat reeds baanbrekerswerk op die gebied van vermaaklikheid verrig het, oor te neem.

Hierdie nuwe maatskappy nl. Afrikaanse Skouburg (Ko-operatief) Beperk, stel hom ten doel om die besigheid van 'n filmteater, skouburg en indien nodig 'n koffiehuis volgens 'n ko-operatiewe stelsel te dryf; om rolprente te vertoon, toneelstukke op te voer, sang- en musiekkonserte te hou, volksdanse en volkspele te organiseer en enige ander soort vermaaklikheid vir die vryetyd-besteding en ontspanning van sy lede en klante op ko-operatiewe grondslag te onderneem en te reël.

Tot direkteure van Afrikaanse Skouburg (Ko-operatief) Beperk is gekies: **senator D. H. van Zyl, dr. F. C. L. Bosman, mnr. C. H. Susan, mnr. J. A. van Eeden, mnr. G. Gelderman, mnr. C. J. Immelmann en mnr. C. D. de G. Botha.** Mnre. Van Eeden, Gelderman en Immelmann is geruime tyd al bedrywig op vermaaklikheidsgebied en met hul hulp is Afrikaanse Skouburg op die been gebring. Mnr. Botha is 'n groot filmentoesias; lid van RARO-tak, Paarl, en een van ons beste amateurfotograwe. Heelwat van sy filmproduksies het dan ook al op die doek verskyn.

Mnr. G. Pfeil is deur die Direksie benoem as bestuurder van die maatskappy.

Ten aanhore van die geesdriftige aandeelhouers op die stigtingsvergadering het dr. F. C. L. Bosman die groot behoefte aan 'n ko-operatiewe maatskappy van hierdie aard geskilder en aan die slot daarop gewys dat die geskiedenis hom blykbaar met die stigting van hierdie maatskappy herhaal.

Presies 142 jaar gelede, so het spreker verklaar, is die eerste gebou vir openbare vermaaklikheid in Suid-Afrika opgerig, die ou „Afrikaansche Schouwburg" op die boereplein in Kaapstad in 1800. (Vandag staan dit nog daar as die St. Stephens-kerk). Die oprigting daarvan was ook 'n soort ko-operatiewe onderneming en die doel was meer kultureel as finansieel. Hierdie maatskappy dra onbewus dieselfde naam en kenmerke as die oue, behalwe dat dit 'n suiwer Afrikaanse onderneming is. As eerste poging van Afrikaanse kant om die Afrikaner se behoefte aan openbare vermaaklikheid op georganiseerde en saaklike basis te sit, wens spreker die onderneming alle sukses toe. „Mag dit ons jong ontluikende Afrikaanse film-, toneel-, musiek- en voordragkuns ten goede kom net soos die ou ‚Afrikaansche Schouwburg' lange tyd die suksesvolle draer was van die Kaapstadse hoëre vermaaklikheidslewe."

Met die nodige kennis, ondernemingsgees en rype ondervinding van persone soos sen. Van Zyl, dr. F. C. L. Bosman en mnr. C. H. Susan en met die entoesiasme en ywer van mnre. Van Eeden, Gelderman, Immelmann en Botha aan die spits van sake kan alleen 'n groot en rooskleurige toekoms vir so 'n onderneming wag.

Mnr. H. R. van der Poel wat met raad en daad bygestaan het met die oprigting van hierdie maatskappy, verdien alle eer, en sal gewis in medewerking met die direksie sy deel bydra om hierdie saak tot 'n groot volksaak te laat ontluik.

Die openingsaand van hierdie nuwe maatskappy sal eersdaags aangekondig word.

**Word lid en mede-eienaar van Afrikaanse Skouburg (Ko-operatief) Beperk deur aandele te koop.**

Aansoekvorms en verdere besonderhede is verkrygbaar by die Bestuurder, Groote Kerk-gebou, Kaapstad.

ONS LEUSE:

**„Ko-operatiewe Arbeid vir Kollektiewe Belange."**

*ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS*

**DE KOCKS se GARAGE**

Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Tvl. | Herefordstraat, GROBLERSDAL, Tvl.

*Eienaar:* D. D. DE KOCK

**Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors**

*TOT U DIENS!*

**V.M.K. AANBEVEEL.**

*Vir 'n Suksesvolle Loopbaan*

Studie met behulp van die beproefde lesings van die Helpmekaar Korrespondensie Kollege is die beste en goedkoopste manier om u sukses in die lewe te verseker.

*MEER AS 200 KURSUSSE*

Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie Kollege in Suid-Afrika.

**Reeds meer as 16,000 Studente** het met behulp van ons lesings sukses behaal. Ook *U* kan dit doen.

**Pos die Koepon nog vandag vir gratis besonderhede**

Die Besturende Direkteur,
Helpmekaar Korrespondensie Kollege,
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u korrespondensie Kursusse.

Ek stel belang in.......................

Naam:.......................

Adres.......................

(O.B. 2 Sept. 1942).

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D.Litt. et Phil. (Leiden).
Mede-Direkteure: J. H. Greijbe (voors.), S. N. van Vuuren, P. Joubert, P. J. v. Z. Hattingh, A. C. v. W. Stroh.

**Helpmekaar**

KORRESPONDENSIE KOLLEGE

Voortrekkergebou 310, Hoekstraat 13,

JOHANNESBURG.

Posbus 3512. Foon 22-3512.

DIE O.B., WOENSDAG, 23 SEPT. 1942.

# Hoogtepunt Hoog In Die Lug

„Afrikanerdom, staan op in u krag en doen!" het dr. Malan sy toespraak voor die kongres verlede week afgesluit. Toe die Afrikanerdom hom daarna — soos ons ons dit sou kan voorstel — gevra het, wat moet ons doen?" het die „Volksleier" vol gloed geantwoord: „Gaan stem — dit wil sê indien Smuts 'n verkiesing uitskryf."

In hierdie prentjie — die anti-klimaks van die hoogtepunt van 'n toespraak wat die hoogtepunt gevorm het van 'n kongres wat die hoogtepunt was in die geskiedenis van volkskongresse — word die vrugtelose en inhoudlose magteloosheid van die partypolitiek geteken.

Met groot gebaar en basuingeklank is dié kongres aangekondig as die belangrikste volksvergadering wat nog ooit in die geskiedenis van ons land gehou is. Verrassende verklarings en hoogtepunte in die „krisisuur van ons lotsbeslissing" is in die vooruitsig gestel. Voor die oë van die volk het die partypers 'n berg, swanger van moontlikhede en daadkrag getower, en die volksverbeelding is tot so 'n mate in vervoering gebring dat daar die mees onmoontlike verwagtings van die kongres gekoester is, ja selfs dat dr. Malan as leier sou bedank!

Die Burger se verslaggewer gee die volgende beskrywing van die hoogtepunt wat bereik is: **„Die geslagte wat was het reikhalsend en in die geloof uitgesien na hierdie dag. Die geslagte wat kom, wag. Staan op in u krag en doen! Hierdie woorde van dr. D. F. Malan het in die Pretoriase stadsaal weergalm toe die Uniale kongres van die Herenigde Nasionale Party vanaand sy grootste hoogtepunt bereik het."**

Woorde wat weergalm in 'n stadsaal, die hoogtepunt! Daar het u die wese van die partypolitiek wat 'n volk verlam tot 'n magtelose daadloosheid. Kensketsend van hierdie totale gebrek aan werklikheidsin is ook die volgende woorde na aanleiding van 'n „voorstel van protes": „Mnr. P. O. Sauer, L.V., wat die voorstel gesekondeer het, het verklaar dat daar hier **geprotesteer word ook om 'n beskermende hand bo die Afrikaners uit te strek . . ."!**

Die partypolitiek met sy hoofstrewe om stemme te lok en met behulp van die volkstem aan die bewind te kom, **het in die loop van jare geleer om abstrak te dink, d.w.s. sonder verband met die werklikheid.** Volksbehoeftes en vraagstukke word nie ondersoek of voorgedra uit beginseloorweging nie, maar met die oog op stemmevangery. Dit word 'n holle geklank van woorde wat by tye soos kongresse of parlementsmosies „hoogtepunte" bereik, **maar dit bly hoogtepunte in die lug, los van die harde werklikheid.** Daarom kan 'n party groot volksnode of behoeftes sonder gewetenskwelling links laat lê indien dit skadelik mag wees met die oog op stemmevangery. Soiets soos gemengde huwelike kan 'n party weier om te belet omdat hy afhanklik is van gekleurde stemme, dog as 'n abstraksie kan dit soms 'n nuttige „plank" wees in die verkiesingsprogram van 'n opposisie, wat indien hy aan bewind kom, geen uitvoering aan daardie „plank" sal gee nie, om die eenvoudige rede dat dit nie werklikheid by hom was nie, maar partypolitieke woordgeklank.

**Op dieselfde wyse is ons vryheidsideaal in die verlede nog steeds behandel as 'n abstraksie, iets wat in die lug hang — 'n verkiesingsplank!**

Hoogtepunte in die vorm van klinkende toesprake en slagkrete op kongresse soos in 1919 kan bereik word in 'n party se propagering van sy „republikeinse plank", dog die praktyk wag tevergeefs op verwesenliking daarvan selfs wanneer daardie party aan die bewind kom. **En na 23 jaar van hoogtepunte en laagtepunte tref dit die volk nie eers meer komies as hy by geleentheid van 'n nuwe hoogtepunt die volgende vryheidsbelofte hoor nie: „Ons sal doen wat ons in 1919 gedoen het, maar hierdie keer, na ek glo, met oneindig meer kans op sukses as toe"!**

Net één resultaat van die partypolitiek bly

(Vervolg op voet van volgende kol.)

(Vervolg van voorgaande kol.)

nooit onverwesenlik nie — **die magtelose verdeling van 'n volk deur die beoorloging van mede-volksgenote wat in die pad staan van diegene wat „gereed staan om die bestuur van die land oor te neem",** 'n resultaat wat sy donker skaduwee reeds werp in die volgende onheilspellende uitlating van die partypolitieke leier: **„Ek moet u sê dat die moontlikheid daar is dat in die toekoms nog verdere stappe teen die Van Rensburg-party gedoen sal moet word" — 'n nuwe hoogtepunt dus wat lê op die pad van die partygeskiedenis, en „waarna die geslagte wat was reikhalsend uitgesien het en waarop die geslagte wat kom, wag . . ."**

# Hy Weier Samespreking In Politieke Taal

Elders in hierdie uitgawe verskyn 'n berig van 'n mislukte poging om Dr. Malan saam met die ander opposisieleiers byeen te bring teneinde 'n beter verstandhouding te bewerkstellig. Die komitee het natuurlik nie juis 'n eenheidsooreenkoms beoog nie, maar wou enigiets doen om die stryd te beperk en samewerking te bevorder waar gemeenskaplike belange en beginsels dit wenslik maak. Soiets sou die hele volk verwelkom het. Volgens dr. Malan sy kongres meegedeel het, sou die doel egter net gewees het om 'n verkiesingsooreenkoms te bereik. Ons wil nie hier stilstaan by die skewe weergawe van die feite nie, maar dr. Malan se verklaring en sy ekskuse behandel soos hy dit gegee het as die ware feite. In sy eie woorde het hy geweier om die ander leiers te ontmoet omdat dit dan „nie die akkoord" sou gewees het nie.

Toe het hy die afvaardiging alleen ontmoet **en hul bemiddeling van die hand gewys** omdat in die eerste plaas **„adv. Pirow nooit aangedui het dat hy 'n verkiesingsooreenkoms wil hê nie"** en in die tweede plaas omdat „as hy met dr. Van Rensburg 'n samespreking sou hê, **hy hom as die leier van 'n politieke party sou erken, en ,ek is nie bereid om die O.B. in enige omstandighede as sodanig te erken nie',** aldus dr. Malan, volgens verslag van Die Burger.

Sy beswaar waarom hy nie 'n eenheidsfront met die oog op die verkiesing kan sluit nie, is dat 'n samespreking met dr. Van Rensburg 'n erkenning sal wees dat die O.B. 'n party is! **Maar ons het dan in elke toespraak van dr. Malan in die afgelope tyd verneem dat „die O.B. nie meer die beweging is wat hy was nie, maar nou die Van Rensburg-party geword het"! Met ander woorde, as dr. Malan 'n stok soek om die O.B. te slaan, en daardie stok kan gevind word in die beskuldiging van die O.B. as 'n Van Rensburg-party, DAN ERKEN HY HOM AS 'N PARTY (maar as hy 'n ekskuus wil soek om samewerking in belang van die Afrikanerdom van die hand te wys, dan is hy „NIE BEREID OM HOM AS 'N PARTY TE ERKEN NIE!"**

Hierdie optrede van die leier van die H.N. Party toon twee dinge glashelder. Eerstens, dat die H.N.P. in hom die wese van die partypolitiek beliggaam, naamlik **dat partybelange bo volksbelange gaan en dat politieke taal iets is wat geen verband hou met die werklikheid nie, dat dit net woorde is, want anders, hoe kan jy die een dag 'n beweging beskuldig dat hy 'n party is en die volgende dag weier om hom „as sodanig te erken"?**

Tweedens toon dit dat die huidige leiding van die H.N.P. nie die minste bekommerd is oor die uitslag van die verkiesing nie **tensy hulle en hulle alleen daarby sal baat deur alle ander groepe uit te skakel. Die verkiesing is vir hulle nie 'n middel om die oorlog te beëindig nie, maar net 'n propaganda-middel om die bestaan van ander volksorganisasies te beëindig.**

**Dit word bevestig deur adv. Eric Louw se uitlating op Vrededorp dat die party „liewer 'n paar setels kan verloor as om met ander te onderhandel."**

# *Die Ossewabrandwag en Verkiesings:*
## *Verklaring van Kommandant-Generaal*

**Die volgende verklaring is deur die Komdt.-genl., dr J. F. J. van Rensburg, uitgereik:**

Luidens die koerante sou adv. Pirow die steun van Nuwe Orde-aanhangers by 'n verkiesing aan O.B.-kandidate belowe het.

Die houding van die Ossewabrandwag ten opsigte van verkiesings is al meermale gestel. Die Ossewabrandwag is geen eleksie-masjien nie en hy heg geen besondere geloof aan die korrupsie en geknoei van politiek deur verkiesings nie. Ons sien die heil van die Afrikanerdom in die dissiplinering en organisering van die volk op ander en minder oppervlakkige gebiede. Die volk self is die deurslaggewende mag, en nie 'n bekonkelde meerderheid in die praathuis nie.

In ons oë is die hele parlementêre demokrasie 'n volksverlammende vergiftiging wat eerder uitgeskei as deur O.B.-deelname bestendig moet word. Dit is 'n klug wat ons liewer wil begrawe. En dat die wêreldoorlog hom gaan begrawe, word vir iedere mens duidelik.

As iemand liggelowig genoeg was om 'n redmiddel teen die sinnelose oorlog in 'n kieserskruisie te sien, dan het **die brutale openhartigheid van die Adjunk-Eerste Minister hom reeds ontnugter. Met of sonder parlementêre meerderheid, die imperiale demokrate wil die oorlog voortsit.** Ons antwoord hom in dieselfde taal: **met of sonder parlementêre meerderheid, die Afrikanerdom wil die oorlog beëindig.**

Derhalwe is die Ossewabrandwag minder begaan oor meerderhede en verkiesings. Ons herhaal: Die Ossewabrandwag is geen eleksiemasjien nie. As sodanig stel hy ook geen kandidate nie. **Die individuele lid van die Beweging wat as kieser sy stem by 'n verkiesing wil uitbring, sal stem vir enige ordentlike Afrikaner-kandidaat wat sy vyand sien in die Empire en nie in sy mede-Afrikaner van die Ossewabrandwag nie.**


(Get.) J. F. van RENSBURG.

15 Sept. 1942.


# Dit Spook!!!

Die Kaapstadse O.B. Toneelvereniging *stel voor*

## Die Spook van Verlatenfontein



Ag, Vadertjie help!!

8 Oktober, om 8.15 n.m.

HOFMEYRSAAL

Pryse 2/6, 1/10. Belasting ingesluit.

Opbrengs ten behoewe van Noodlydendes.

Plekbespreking: Pienaar se Haarsnysalon, Groote Kerk gebou. Foon 31047

# Selfstandige Volksbeweging Die Vrug van Die Stryd

(Deur Hoofgenl. F. D. du T. van Zyl.)

**„Laat die stryd kort van duur en beslissend wees." So het die dagorder gelui toe die eerste offensief van die H.N.P. teen die O.B. geloods is. Tans, na 'n jaar van stryd waarin die een offensief die ander gevolg het, is dit moontlik om die resultate te beoordeel. Belangrikste hiervan is dat die O.B. sy absolute SELFSTANDIGHEID verwerf het.**

Tot 'n jaar gelede het die O.B. na die H.N.P. opgesien as dié organisasie om op politieke gebied leiding aan die volk te gee. Die O.B. het dan ook, in soverre dié leiding nie teenstrydig met sy eie staatkundige begrippe was nie, sy beleid bepaal met die beste gesindheid teenoor die H.N.P.

Dat dit geskied het moet nie beskou word as 'n teken van swakheid nie, nog minder as 'n teken van onverantwoordelikheid. Die O.B. het slegs in die bestaande toestande berus waar die H.N.P. beskou was as dié organisasie om die volk op politieke gebied leiding te gee. Dit is met vertroue gedoen omdat die H.N.P.-leiers by herhaling die O.B. verseker het dat hulle dit eens was met die strewe van die O.B. na 'n anti-liberale, nie-kapitalistiese Afrikaner-gesagstaat. Die O.B. het hierdie versekerings verwelkom omdat sy standpunt altyd was (soos dit vandag nog is) dat gebruik gemaak moes word van alle moontlike volkskragte tot bereiking van ons gemeenskaplike doel . Dit het ingesluit die ondersteuning van die O.B. aan enige politieke en parlementêre optrede ter verwesenliking van ons Republiek.

As volksbeweging wat poog om alle goeie Afrikaners wat 'n republiek nastrewe in te sluit, kon die O.B. egter nie voldoen aan die eis om die aksiefront van die H.N.P. alleen te word nie. Hier het die breëre volkseenheidsgedagte gebots met die engere partygedagte. Die gevolg was 'n skeiding van die weë.

Of hul vroeëre uitlatings nie eerlik bedoel was nie, en of die partyleiers van sienswyse verander het, weet ons nie, dog dis opmerklik dat onmiddellik nadat die party die O.B. tot vyand verklaar het, die partyleiers 'n totaal ander deuntjie begin sing het. Van daardie tyd af het hulle na vore getree as die kampvegters vir die demokrasie en die partystelsel teen die staatsvorm wat die O.B. voorstaan.

Van hierdie tyd af is dit klaarblyklik dat die leiers van die H.N.P. nie die gees van die Revolusie wat die O.B. deurdring, deelagtig was nie. Soos in die verlede het hulle bly voortwandel in die stof van die liberalisme met sy persoonlike en partybelange, sy groepvorming en volksverdeling, in teëstelling met die volksgedagte waar die belange van individue en groepe verdwyn in diens van die groter en blywender belang, die van die volk. Hieruit is dit duidelik dat die H.N.P.-leiers nog altyd die oue, wat vinnig aan die verbygaan is, aanhang en nie in die wieg gelê is om die nuwe deelagtig te word nie. Daardeur het dit vir die O.B. finaal onmoontlik geword om enige leiding van die H.N.P. te aanvaar. Die gevolg is dat die O.B. verplig was om ten opsigte, nie net van sy breëre volksverdedigings- en volksaksieleiding nie, maar ook ten opsigte van sy gewone politieke leiding op sy eie kragte en inisiatief terug te val.

Soos die jong arend is die O.B. uit die nes geskop en hy het hom nie in die dieptes te pletter geval nie (soos die party gehoop het), maar hy het sy vlerke gevind. M.a.w. hy het sy selfstandigheid verwerf. Hy het gegroei uit 'n staat van onmondigheid tot een van mondigheid. Steunende slegs op die leiding wat hy in homself kon vind, het hy daarin geslaag om staande te bly teen al die magte waaroor sowel die staat as die staat se opposisie beskik.

**Net so min as 'n mondiggeworde, selfrespekterende persoon sy mondigheid weer kan prysgee en terugkeer tot 'n staat van onmondigheid, so min kan die O.B. sy verkreë selfstandigheid weer prysgee.** Sy taak is duidelik. Sy selfstandigheid moet vergroot, meer omvattend en doeltreffender gemaak word. Alle volkskragte word reeds hiertoe ingespan. Waar die party verkies om by die vleespotte van 'n verdwynende demokrasie agter te bly, daar het dit die plig geword van die O.B. om die volk te lei tot sy regmatige plek in 'n nuwe wêreldbedeling.

Die O.B. het dié taak ten volle aanvaar en tans, na 'n jaar van die bitterste aanvalle van die H.N.P., kan ons terugkyk en getuig dat die O.B. sy selfstandigheid nie onwaardig was nie. Die O.B.-leiding het homself niks te verwyt nie. Is dit dan 'n wonder dat sterker en sterker invloede, binnelands en buitelands, hulle aan die kant van die O.B. skaar?

Hoe pynlik die ondervindings van die jongste verlede ook was, mag die skeiding tussen die partye tog blyk 'n bedekte seën te gewees het. Die vrug daarvan is 'n kragtiger en selfstandiger volksbeweging wat nooit weer met politieke partye of ander demokratiese inrigtings sal skakel nie, hoewel hy alle volkskragte verwelkom wat saam met hom, en in aansluiting by die groot Revolusie van die Twintigste Eeu, wil voortmarsjeer om Suid-Afrika sy regmatige plek in die wêreld van die toekoms te verseker.


AFRIKANER-KLEREMAKER!
Foon 5-1486
● Vir u volgende Pak ● Billike Pryse
● Werk Gewaarborg ● Beste Materiaal
N. C. KOCH
Soutrivierweg 52 — Soutrivier

VOLKSKAS IS U EIE BANK!
ARBEIDSAAMHEID
Die Volk se Bank.
Fondse oorskry £2,000,000
Hoofkantoor:
Volkskas-gebou, Sentraalstraat, PRETORIA
Volkskas (Koöperatief) Bpk.
(Opgerig kragtens die Ko-operatiewe Wet)

MEUBELS
PRYSE STYG VINNIG.
KOOP NOU!
ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT MEUBELS IN VOORRAAD.
Werda Meubelhandelaars (Edms.)
Beperk.
Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.
Posbus 210. Foon 2-6806.

ONDERSTEUN ONS BLAD

PAS VERSKYN!

DIE BITTER KELK
deur Mynhardt Fourie
Prys 6/- posvry
'n Man ontdek dat sy vrou 'n minnaar het, en dan begin sy soektog na die persoon met wie sy hom bedrieg het: En in die soektog gebeur vreemde, aangrypende dinge in sy siel: Hy word 'n nuwe mens, en uit die wedergeboorte tree hy te voorskyn met 'n vreemde vrede in sy hart, en 'n kalmte wat bo alle hartstog verhewe is: Maar hierdie vrede bereik hy eers nadat sy siel deur 'n nag van angs en onheil gegaan het: Altyd is die vraag by hom: „Wie is die man wat sy liefhet?" En een oggend ontdek hy die identiteit van sy vrou se minnaar: U sal die verhaal van sy soektog stap vir stap volg, met ingehoue asem, totdat u van aangesig tot aangesig staan voor die onbekende man, en dan sal u die mistieke skoonheid en waarheid van hierdie boek begryp — U sal die bitter kelk van Brand se smaad en lyding saam met hom ledig, só intens, só oortuigend is hierdie boek geskryf; en aan die slot sal u saam met hom die hoë vrede, die oorwinning van die siel voel, oor alle hartstogte en alle smaad.

VAN AANGESIG TOT AANGESIG
deur C. M. van den Heever
Prys 8/6 posvry
Dis 'n moderne roman uit die lewe van 'n kleindorpse gesin. 'n Ontroerende beeld van 'n man wat eindelik van aangesig tot aangesig te staan kom voor die werklikhede van sy eie, gehuigelde lewe. Dis Van den Heever se grootste menseskepping — 'n Grootste Roman diep geput uit die polsende lewe.
'n Roman van C. M. v. d. Heever is altyd 'n literêre gebeurtenis van belang.
Hierdie werk bring sy kuns op 'n nuwe, hoër toppunt.

Bestel van —
DIE KAPPIE BOEKHANDEL
Telefoon 33/6797 — DE VILLIERSSTRAAT 15 — Posbus 845
Johannesburg.

## DR. MALAN VERLANG GEEN BETER VERSTANDHOUDING

### Wil Ander Leiers nie Sien nie

Dr. D. F. Malan, leier van die H.N.P., het verlede Donderdag geweier om die leiers van die Ossewabrandwag, die Nuwe Orde en die Afrikaner Party te ontmoet deur bemiddeling van 'n komitee van 21 Afrikaners bestaande merendeels uit lede van die H.N.P. Die doel van hierdie komitee was om die leiers byeen te kry teneinde die moontlikheid te bespreek om op sy minste die stryd in Afrikaner-geledere binne perke te hou indien niks meer bereik kan word nie.

Dr. Malan wou egter in geen omstandighede die ander drie leiers, t.w. dr. Van Rensburg, adv. Pirow en mnr. N. C. Havenga ontmoet nie, en hierdie drie manne sowel as die komitee moes teleurgesteld omdraai. Ons hoop om in ons volgende uitgawe 'n volledige oorsig van die gebeure te gee.

Dr. Malan het egter aan sy kongres verslag gedoen en sodoende die verklaring van die komitee voorgespring, soos hy self verduidelik het ,,omdat daar verklarings in verband met die voorval in vyandiggesinde blaaie sal verskyn,'' en hy die kongres wil waarsku. Hierdie verslag van dr. Malan was egter nie 'n juiste en volledige weergawe van die gebeure nie, daar hy o.a. dit net as 'n poging tot 'n verkiesingsooreenkoms beskryf het, wat dit inderdaad nie was nie soos sal blyk uit die verslag van die Sekretaris van die Komitee wat ons a.s. week sal plaas.

## A.K.G. J. A. SMITH IN O.V.S.

Genl. J. A. Smith, asst. komdt.-genl., spreek die volgende vergaderings in die Vrystaat toe:

Vrydag, 25 Sept.: Fouriesburg, om 11-uur vm.

Saterdag, 26 Sept.: Bethlehem, 7 nm.

Maandag, 28 Sept.: Senekal, 7 nm.

## BOODSKAP VAN VOLHARDING VAN GEÏNTERNEERDE A.K.G.

Onderstaande boodskap aan die Ossewabrandwag is deur genl. O. L. Nel, A.K.G. van Natal, wat geïnterneer is, aan genl. E. B. Cadle gestuur:

,,Aan my mede-generaals en mede-offisiere in Natal. Ek skryf hierdie brief aan u almal as 'n bodskap van my om vasberade en moedig in u groot taak voort te gaan. Die Afrikanervolk word deur magtige vyande bedreig wat die Afrikaner en sy kultuur wil onderdruk en vernietig. My internering is te wyte, nie aan enige oortreding van die landswette nie, maar bloot net daaraan dat ek my beywer in die belang van die Afrikanervolk.

,,As ek, of enige ander Afrikaner, my of sy lot met die Britse Imeperialisme sou ingooi, dan sal rykdom en Britse eer op ons gestrooi word, maar God dank, ek het nog genoeg krag en sedelike moed om by my eie nasie en by my eie vlees en bloed te staan, en 'n interneringskamp, selfs 'n vuurpeloton sal geen Afrikaner wat die naam werd is, verskrik of in die arms van die Britse jaag nie.

,,My mede-offisiere en my mede-Brandwagte, manne sowel as vroue, vra ek om getrou by die Ossewabrandwag en by hul volk te staan en vasberade vir hulle beginsels te veg: Vryheid vir ons volk en Vryheid vir ons land. Die wiel draai en dié wat onder is, sal bo kom. Ons is al op die gesigseinder, maar ons moet nog diep klowe deurgaan en steil opdraendes klim voordat ons by hom kom.

,,Hou moed en hou koers. Doen u pligte en lewer u dienste — dit is al. My beste groete tot ons weer mekaar sien.''

## IN DIE MAANLIG

Dr. Malan op De Aar: ,,,Die gevolg is dat van die Ossewabrandwag net 'n floue skaduwee oorgebly het.''

Dis natuurlik bekend dat 'n mens in die maanlig floue skaduwees sien.

## *Geklassifiseerde Advertensies*

### GEBOORTE

RADLOFF.—Aan Hoofkomdt. en mevr. Gustav Radloff 'n fris Brandwagseun, op 14 September te Derdestraat 6, Bloemfontein.

FRIS klein Brandwag-seun, op 17 Sept., 1942, aan mnr. en mev. Stephen Kühn, Arbeidsgenot, Eilandia, Robertson.

### TE KOOP

BOME: Geokkuleerde Pekaan-neutbome, Tung, vrugte en Rose. 20 jaar gevestigde besigheid. Bank: Volkskas, Pietermaritzburg. Skryf vir Katalogus. **BUDMANSE EDENVALE KWEKERY, EDENVALE NATAL.**

### AARTAPPELMOERE

**ARRAN CHIEF** aartappelmoere, eier-grootte, 20/- per sak, K.M.B., gelewer George-Stasie. **M. J. Botha, No. 1, Blanco.**

UITGELOOPTE Evergood-moere — oor 1½ onse 19/- per sak, onder 1½ onse, 17/- per sak, V.O.S., Outeniqua-sylyn. Kontant met Bestelling. **FRANCIS ROBERTSON, Kleinfontein, Sinksabrug, GEORGE.**

### SOUT TE KOOP

BRANDWAGTE, om 'n eerlike bestaan te maak, vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. **AI 4/6, No. I 4/-, fyn bottersout 6/6 per sak, 200 pond, fyn bottersout 3/6, 100 pond.** Gelaai Soutpan, Martie Venter, Possak Arbeidsloon, **BLOEMFONTEIN.**

### PATATRANKE TE KOOP

**PATATRANKE** van die beste gehalte word u aangebied teen 4/6 vir 83 lbs. 6-maande ranke; 4/- vir 45 lbs. 3-maande ranke; 4/- vir 45 lbs. borrie ranke, K.M.B. **S. P. GERBER, P/S. Serpentine, Dist. George.**

**PATATRANKE.** — Mooi gespruite ses-maande ranke 4/6 per 85 lbs.; drie-maande wit 4/- 45 lbs.; Borrie 4/- 45 lbs. K.M.B. Gelewer Serpentine Sylyn. **J. GERBER, P/sn., P.K. Hoekwil, Dist. George.**

### PLAAS TE KOOP

PLAAS 33¼ morg groot in Kirkwood. 17¼ morg besproeibare landerye, 16 morg weiveld. Huis met 5 vertrekke, 2,000 lemoenbome in drag, 1942-oes. 5,500 uitvoerkiste. Opbrings van 1942-oes ongeveer van £900 tot £1,200. Prys £3,000 en helfte van oes. Doen aansoek by A. L. BELLINGAN, Kirkwood.

### KAROO KRAALMIS

BESTEL vroegtydig en wees verseker van aflewering. Karoo Kraalmis, fyngemaal, geskik vir die gebruik met Kunsmistoestelle 27/- per 11 sakke-ton. 10 ton en meer 26/-. In u eie sakke 17/-. Vry gelewer Unie-stasies. **J. A. SCHOEMAN, P.S. Grootfontein, Somerset-Oos.**

### HOUTSKOOL

BESTE kwaliteit KAMEEL HOUTSKOOL, teen 4/3 per sak. Indien eie sakke verskaf word 3/- per sak. Alleenlik K.M.B. Bestel van: J. J. PRETORIUS, WOLRAM, P.S. SHEERNESS oor VRYBURG.

### HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE

**Posbus 660, JOHANNESBURG.**

**DAHLIAS:** ,,Sonskyn Versameling'' 11/- vir 6; 21/- per dosyn. ,,Sonstraal Uitdaag Versameling'' 21/- vir 6.

**KRISANTE:** Reusagtige Vertoonsoorte fraaiste kleure. 15/6 en 17/6 per dosyn.

**PERGRAS:** Spesiale Tipe 21/- per sak.

Palms, Heiningbome, Sierbome. Roosplante vir Januarie planting. KATALOGUS GRATIS.

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 916, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch


## NUUS!!

VIR ENIGIETS wat u mag nodig hê, veral RUBBER STEMPELS, skryf aan:—

**TAFELBERG INDUSTRIE**

**Kohlingstraat 16, Kaapstad.**

## La Belle Alliance

**Privaat Hotel.**

DIE AFRIKANER SE TUISTE

*alle moderne geriewe*

**Billike Terme**

**Eienares: Mev. P. J. RETIEF,**

**Foon 2-3833**

*Ons ontmoet alle Treine.*

**Kloofstraat, KAAPSTAD.**

## GEVRA

*50000 Afrikaners wat graag hul pyp-tabak wil rook en wat hul handelaar om „Patriot" sal vra.*

**VOORBRAND TABAK-MAATSKAPPY (Edms.) Bpk.**

**Kommissarisstraat 200, JOHANNESBURG.**

ONS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurrerende pryse.

BESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodighede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

*HOU KOERS NA*

**Pro Ecclesia-Drukkery,**

Drukkers, Uitgewers en Boekbinders.

*Die Laan, Stellenbosch.*

# VAN ZYLS

HOOFSTRAAT PAARL

MANSUITRUSTERS EN KLEREMAKERS

*Voorsieners in Sportbenodighede*

GROOT VERSKEIDENHEID TENNIS-RAKETTE

| | |
|---|---|
| MAXPLY FORT .. .. .. .. .. .. .. | FRED PERRY SPECIAL .. .. .. .. |
| MAXPLY TOURNAMENT .. .. .. .. .. | SWIFT STROKE .. .. .. .. .. .. |
| ALICE MARBLE .. .. .. .. .. .. | CLUB .. .. .. .. .. .. .. .. .. |
| ALICE MARBLE JNR. .. .. .. .. .. | KING .. .. .. .. .. .. .. .. .. |
| | OLYMPIC .. .. .. .. .. .. .. .. |

HERSNARING VAN RAKETTE £1-12-6 — BESTE SNARE.

SKRYF AAN ONS VIR 'N KATALOGUS.

OOK OP — — PORTERVILLE